**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-940-2775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 14/12 2022

Geagte Ouers/Voogde

1. **Uit die kantoor:**
   So kom ons aan die einde van nog `n akademiese jaar en ons is dankbaar teenoor ons Hemelse Vader wat ons hoop is. Hy het ons weereens oorvloedig geseën en Sy beskermende hand oor Hoërskool McLachlan gehou.

   Die Langkloofgemeenskap (ouers,borgespan,beheerliggaam,OOV-mammas,afrigters,personeel en al die denominasies) is die dryfkrag en hartklop van die skool. Dankie vir u lojaliteit, pligsgetrouheid, harde werk en positiwiteit wat direk 'n invloed op die toekoms van die skool het. Baie dankie aan al die ouers wat so nou betrokke is by hul kinders se opvoeding en die skool. Ons waardeer julle ondersteuning.

   In ons weeklikse nuusbriewe en jaarverslag van 2022 het u reeds kennis geneem van die verskeie aktiwiteite, onder andere die installering van die interaktiewe witborde, opknappping van sportveld en die skool is alles aangepak vir die ontwikkeling van ons leerders.

   Alles wat ons doen by McLachlan is vir die kinders van hierdie gemeenskap en ter voorbereiding vir hul toekoms. Ons is baie trots op ons leerders en al hul verskeie prestasies. Hulle moet volgende jaar aanpak met nuwe doelwitte wat bydrae tot hul ontwikkeling en toekoms.

   AAN ALMAL `N GESEëNDE KERFSFEES VOL VREUGDE EN VOORSPOED. GENIET DIE WELVERDIENDE VAKANSIE.

2. **Personeelaangeleenthede:**
   Ons neem afskeid van mnr. Johan Beetge en juf. Roslyn Leibrandt. Baie dankie vir die bydrae wat jul by HS McLachlan gelewer het.

   Baie welkom aan mev. Lelanie Ferreira wat in die finansiële pos aangestel is.

3. **ATKV-redenaars:**
   Die temas waaruit onderwerpe afgelei moet word vir 2023 is die volgende:

| | |
|---|---|
| Graad 1 tot 3: | Kleur ; Speel ; Klein |
| Graad 4 tot 5: | Flits ; Luister ; Klank |
| Graad 6 tot 7: | Tradisie, Reis ; Wedren |
| Graad 8 tot 9: | Kruispad ; Angel ; Hutsmerk |
| Graad 10 tot 12: | Inklusief ; Bemagtig ; Ideologie |

   Begin solank dink en werk aan onderwerpe.

herotel

4. **Vakature:**

## HOËRSKOOL McLACHLAN

(‘n Afrikaansmedium, gekombineerde laer- en hoërskool, geleë in die Langkloof te Joubertina, Oos-Kaap)

**VAKATURE BESKIKBAAR (BEHEERLIGGAAMPOS).**

BESIGHEIDSTUDIES: GRAAD 10 - 12
REKENINGKUNDE: GRAAD 10 – 12
EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE: GRAAD 9

Meld ander vakke aangebied en moet bereid wees om met buitemuurse program behulpsaam te wees. Dui kwalifikasies/vaardigheid van spesifieke sportkodes aan.

**Sluitingsdatum: 31 Januarie 2023**
**Diensaanvaarding: 12 April 2023**

Die volgende moet by aansoek ingesluit wees:
Aansoekbrief
CV
Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies
Identiteitsdokument
SARO-sertifikaat

Rig aansoek aan: Die Skoolhoof: e-pos: info@hsmclachlan. co.za

Die Skoolbeheerliggaam behou die reg om nie ‘n aanstelling te maak nie.
Slegs suksesvolle kandidate sal gekontak word.
Koshuisinwoning beskikbaar.

## HOËRSKOOL McLACHLAN

**Die volgende VAKATURE** is beskikbaar by Hoërskool McLachlan te Joubertina.

**NUTSMAN**

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die algemene instandhouding van geboue en die skoolterrein. Basiese vaardighede in skrynwerk, loodgieterswerk en verfwerk is ‘n vereiste om te kwalifiseer vir hierdie posisie, asook ‘n geldige rybewys.

Vergoedingspakket onderhandelbaar.

**Sluitingsdatum: 16 Janaurie 2023**
**Diensaanvaarding: 1 Februarie 2023**

Rig aansoek (volledige CV) aan: Die Skoolhoof: e-pos: info@hsmclachlan. co.za

Die skoolbeheerliggaam behou die reg om nie ‘n aanstelling te maak nie.
Slegs suksesvolle kandidate sal gekontak word.

5. **<u>Merietelys – kwartaal 4</u>:**

| | 1. | 2. | 3. | 4. | 5. |
|---|---|---|---|---|---|
| Gr. 4 | Eric Greeff | Nicky Muller | Janko Murray | Marthinus Lewis | Alexander Baldie |
| Gr. 5 | Amoné Botha | David Baldie | Matthys Wright | Kauthar Sadien | Stefan Basson |
| Gr. 6 | Lilitha Ferreira | Ockert Koorzen | Alana Johnston | Kaylee Barnard | Le Roux Muller |
| Gr. 7 | Naudé Meyer | Bella-Mae Strydom | Lohan Strydom | Tertius Strydom | Anouk Basson |
| Gr. 8 | Marlu Kritzinger | Charmoné Landman | Divan Landman | Mienke Bester | Feyolin Kapank |
| Gr. 9 | Ria-Mi Ferreira | Gerbri Ferreira | Anlea Ferreira | Jayden Zivale | Lee-Ann Maarman |
| Gr. 10 | Elanie Kritzinger | Emelee Smith | Arné Oelofsen | Sesihle Khova | Kara Roberts |
| Gr. 11 | Miencke Strydom | Taryn Koelman | Sjanique Alberts | Anika Kritzinger | Janco de Kock |

6. **<u>16de Toyota-droomkarkunskompetisie</u>:**

*Draw your dream, drive the future. Teken jou* **<u>droomkar</u>** en staan 'n kans om groot pryse te wen. Leerders van 6 tot 15 jaar word uitgenooi om aan die kompetisie deel te neem.

Sluitingsdatum: 10 Februarie 2023. Vir meer besonderhede besoek: Toyota webwerf of kontak mev. Riana Ferreira.

7. **<u>VRL-Kamp</u>:**

Van die 2de tot 4de Desember was die VRL-groep van 2023 op 'n heerlike kamp op Louterwater-Landgoed. Buiten al die pret, groepswerk, nagmars en lekker kos, het hulle daarop gefokus om mekaar beter te leer ken en volgende jaar se aktiwiteite te beplan. Hulle het die kamp Sondag op 'n geestelike noot in die NG Kerk Misgund afgesluit. Baie dankie aan mnr. J. Schlechter en juf. R.Oelofsen wat die groep vergesel en veilig gehou het.

8. **<u>Sluitkassies</u>:**

Sluitkassies vir 2023 is teen R350 per jaar beskikbaar. Aansoeke kan by mev. Van der Mescht afgehaal word.

9. **<u>Landsdiens</u>:**

Die komitee het 'n propvol program vir 2023 beplan. Registrasievorms is by mev. Van der Mescht beskikbaar en registrasie sluit op 28 Februarie.

herotel

10. **LTSM:**

Handboeke sal Maandag, 16 Januarie en Dinsdag, 17 Januarie, uitgegee word. ‘n Leerder, ouer/voog moet saam die handboeke kom haal en die nodige kontrakte teken.
Maandag, 16 Januarie: gr.10 – 12 kan vanaf 8:00 – 14:00 handboeke kom haal.
Dinsdag, 17 Januarie: gr. 4 – 9 kan vanaf 8:00 – 14:00 handboeke kom haal.
Geen handboeke sal sonder’n ouer/voog se teenwooordigheid uitgegee of afgeteken word nie.

11. **Departementele vervoer:**

Die lys van leerders wat plek gekry het op die bus sal per whatsapp verwittig word.
Optelpunte:

| Tye: | McLachlanbus | Departementele bus: |
|---|---|---|
| 06:30 | Misgund-busstoor | Misgund-Royal |
| 06:35 | Somerset’s Gift – indraai | |
| 06:35 | Nuweplaas | |
| 06:40 | Jay-Dee | |
| 06:45 | Louterwater – saal | Louterwater – stofpad |
| 06:50 | Louterwater – Ou Stasie | |
| 07:00 | Krakeelrivier – Bokmakierie & Begraafplaas | Krakeelrivier - begraafplaas |

Dit is die ouers se verantwoordelikheid om betyds by die verskillende busstoppe te wees. Indien nie betyds, kan die ouer die leerder by die volgende stop optel – skakel in hierdie geval Bradley om hierdie reëling te tref.

12. **Finansies:**

- **Betaalbare geld 2023**

  **SKOOLGELD**

  - Skoolgeld beloop **R1 200,00 per maand vir 10 maande.** Betaalbaar vanaf Februarie tot November. (Totaal van **R12 000,00 per jaar**)
  - Geen glyskaal vir aantal kinders
  - Korting vir **aftrekorder** = 6,5% = **R935,00** per maand. Betaalbaar vanaf Januarie tot Desember.
  - **Jaarliks vooruit kry** 10% korting = **R10 800,00** (voor 31 Jan 2023)
  - Glyskaal gegrond op gesamentlike brutoinkomste van beide ouers.

  Aftrekorders: Indien ouers van die opsie gebruik wil maak, moet hulle asseblief die reëling met hul bank tref en ‘n afskrif aan die skool voorsien.

  **BUSGELD (per kwartaal):**

  Daaglikse roete

  | | |
  |---|---|
  | Misgund | R2 440 |
  | Louterwater | R2 180 |
  | Krakeel | R1 920 |

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

herotel

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 334415 |
| | Verwysing: | **Kind se naam en van** |

13. **<u>Sport</u>:**

- <u>Laerskoolatletiek</u>:
  Tydens die Hoërskool Paul Sauer atletiekuitnodigingsbyeenkoms het die volgende atlete medaljes verower. Baie geluk – ons is trots op julle.

| | | |
|---|---|---|
| <u>Eerste plekke</u>: | Amone Botha | GS |
| | Lea Cedras | VS |
| | Almirah Stephanus | VS |
| | Lilitha Ferreira | SG |
| | Taylon Kapank | 80m |
| | EJ Meyer | VS ; 70mH ; 80m |
| | Reynando van Rooyen | SG |
| <u>Tweede plekke</u>: | Igné Ferreira | GS |
| | Marnell Oberholster | GS |
| | Nikita Alberts | HS |
| | Juandré Malambo | 1200m |
| <u>Derde plekke</u>: | Almirah Stephanus | 70mH |
| | Anouk Basson | 75mH |
| | Amone Botha | VS |
| | Limari Linde | HS |
| | Cornelius van Greunen | VS |
| | Reynando van Rooyen | HS |
| | Jurie Kritzinger | DG |

- <u>Atletiekbyeenkomste in die eerste kwartaal: 2023</u>:

  - <u>Kleuresport:</u>
    Vrydagnamiddag, 27 Januarie, en Saterdag, 28 Januarie, vind die byeenkoms plaas. Volledige inligting sal in die nuusbrief van 20 Januarie deurgegee word. Ons het asseblief weer u hulp nodig om van die jaarlikse kleuresportbyeenkoms 'n sukses te maak. Ouers wat bereid is om as beamptes op te tree, sal aanstaande jaar 'n vorm kry om te voltooi.

  - <u>Laerskool Koukamma-atletiekbyeenkoms</u>:
    Woensdag, 1 Februarie, te HS McLachlan.

  - <u>SOK-atletiekbyeenkoms:</u>
    Saterdag, 4 Februarie, te HS Paul Sauer

  - <u>Hoërskool Kouga- en Koukamma-atletiekbyeenkoms</u>:
    Saterdag, 11 Februarie, te HS McLachlan


  - <u>Hoërskoolatletiekdistriksbyeenkoms</u>:
    Vrydag, 17 Februarie, te Paul Sauer

  - <u>Laerskoolatletiekdistriksbyeenkoms:</u>
    Vrydag, 24 Februarie, te Paul Sauer.

herotel

- <u>Hoërskool provinsiale atletiekbyeenkoms:</u>
  4 Maart 2022 te Cradock.

- <u>Laerskool provinsiale atletiekbyeenkoms</u>:
  11 Maart 2022 te Cradock



C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit